

# MEUBELS, LINNE EN PORSELEIN VIR KELLNERSTRAAT 31 GESOEK!

Hierdie huis te Kellnerstraat 31 in Bloemfontein met sy Victoriaanse styleienskappe is op 4 Januarie 1982 amptelik deur die Nasionale Museum in besit geneem. Dit is in die laat negentigerjare van die vorige eeu gebou en is 'n toonbeeld van die gemiddelde welgestelde man se lewenswyse in daardie tydperk. Die restourasie van die huis neem vanjaar 'n aanvang, waartydens die glashuisie (conservatory) ook voltooi sal word. Hoewel die Museum in besit is van 'n aantal Victoriaanse meubels en porselein, is dit nie naastenby voldoende om die meubilering van die huis tot sy volle reg te laat kom nie. Skenkings in dié verband is dus hartlik welkom. Kom asseblief in aanraking met Hannes Haasbroek of Martie Venter (tel. 051-79609) indien u weet waar gepaste meubels, matte, linne, porselein of enige ander items wat die atmosfeer van dié huis sal ophelder, bekom kan word.



## HYSBAKFONDS



ACCESS for the  
HANDICAPPED

Teneinde die eerste vloer van die Nasionale Museum toeganklik te maak vir gestremdes en bejaardes het die hoofbestuurder van United Motor Services (Bloemfontein) (Edms) Bpk, Mnr. T. Niewoudt (links), onlangs 'n tjek van R1 000 aan die Assistent-direkteur van die Museum dr. Chris Engelbrecht (regs) oorhandig. Sowat R10 000 word benodig om 'n klein hysbak te installeer teneinde gestremdes en bejaardes na die eerste vloer te neem. Die grondvloer, ouditorium en toilette van die Museum is reeds toeganklik gemaak deur die aanbring van opritte en handreilings.

'n Beroep word hiermee gedoen om geldelike bydraes van die publiek sodat die hele Museum vir gestremdes en bejaardes toeganklik gemaak kan word.

Gedruk deur die Nasionale Museum, Bloemfontein